# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
hoof@liginduisternis.co.za

18 Julie 2022

**OMSENDBRIEF 7/2022**

## BESTELLING KERKJAARBOEK 2023

AAN ALLE SAAKGELASTIGDES VAN GEMEENTES

Geagte Broeder/Suster

Hierby ingesluit is ’n bestelvorm vir die Kerkjaarboek 2023.

Kan u glo dat Lig in Duisternis Uitgewers oor twee jaar vir die 35ste keer ’n dagstukkieboek gaan publiseer! Met die oog op hierdie 35-jaarherdenking het ons besluit om ’n feesbundel die lig te laat sien. Hierdie feesuitgawe gaan oor twee jaar strek – 2023 en 2024. Ons het die afgelope 33 jaar se dagstukkies aan ’n keurder gegee sodat die beste dagstukkies aangewys kon word vir opname in die feesuitgawe. Aangesien daar so baie goeie dagstukkies was, het ons besluit om eerder die feesuitgawe oor twee jaar uit te gee en sodoende die geleentheid te skep om ’n bietjie meer van die afgelope jare se dagstukkies in die feesbundel op te neem. Ons hoop dat hierdie tweedelige feesbundel vir elke lidmaat tot geestelike verryking sal wees.

Soos gewoonlik, word die dagstukkies in ’n aparte bundel gepubliseer, sodat dit steeds ook as ’n geskenk aan iemand buite die kerkverband gegee kan word. Oorweeg dit gerus. Die statistiek en AP kerkspesifieke inligting gaan weer apart uitgegee word as *Statistiek en Inligting* en die bestelvorm daarvoor, sal later hierdie jaar uitgestuur word.

Ons sluit graag weer ’n spesiale aanbieding in met die oog daarop om u geestelike ervaring verder te verryk. *Kolokwinte en Kapitele* uit die pen van Barry Torlage en die beroemde preek van Jonathan Edwards, *Sondaars in die hand van ’n toornige God*, vorm hierdie jaar deel van ons spesiale aanbieding. **Hierdie spesiale aanbieding is slegs geldig vir 2022.**

Die opsies vir 2023 is soos volg:



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023

OPSIE 1: Slegs dagstukkies: R120,00
OPSIE 2: Spesiale aanbieding (Dagstukkies + *Kolokwinte en kapitele* + *Sondaars in die hand van 'n toornige God*): R205,00

Wil u nie asseblief toesien dat die dagstukkieboek baie pertinent deur middel van 'n afkondiging onder die gemeente se aandag gebring word nie? Vir u gerief word die bestelvorm hierby aangeheg. Stuur die voltooide vorm na boekwinkel@liginduisternis.co.za. Sorg asseblief dat ons u gemeente se bestelling teen **15 Augustus 2022** ontvang. Ons beoog om alle bestelling wat teen die spertyd ontvang is, by die Sinode gereed te hê. Bestellings wat ons ná die spertyd ontvang, sal ongelukkig eers later hierdie jaar uitgevoer kan word.

U kan ook van ons elektroniese bestelvorm gebruik maak deur op die volgende skakel te klik: https://zfrmz.com/O6Y1aewEqCv4GoiVJDvz

Maak asseblief seker dat ons u bestelling betyds ontvang. Ons sien uit daarna om van u te hoor.

*Vriendelike groete*



**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies**



**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 (012) 362-2023